SHS GEDRAGSKODE EN REËLS

Die doel van skoolrëels by SHS is om aan die leerlinge riglyne te gee waarvolgens ons in goeie orde kan saamwerk. Ons glo en gaan van die standpunt uit dat die oorgrootte meerderheid van leerlinge van ons skool uit ‘n Christelike agtergrond kom en/of alreeds ten minste sewe jaar skoolopleiding gehad het en daarom reeds ‘n goeie begrip het van wat reg en wat verkeerd is. Ons aanvaar ook dat ‘n leerling reeds ‘n goeie oordeelsvermoë en vaardighede ten opsigte van interpersoonlike verhoudinge ontwikkel het. Ons plaas ‘n hoë premie op eerbied en respek vir persone wat in ‘n posisie van gesag aangestel en/of verkies is, aangesien ons Christelike beginsels nastreef en in die Woord so geleer word.

KLEREDRAG EN NETHEID

Alle items wat deel vorm van SHS-skooldrag is tans uitsluitlik by Osman Raydon beskikbaar

A. SKOOLDRAG vir MEISIES:

Alle items wat deel vorm van SHS-skooldrag is tans uitsluitlik by Osman Raydan beskikbaar.
NETHEID en EENVORMIGHEID is ons doel met skooldrag, daarom die volgende reëls:

1. SOMERSDRAG

- Die voorgeskrewe romp en bloes wat met ‘n skoolbaadjie en ‘n moulose en/of langmoutrui gekombineer kan word.
- **Lengte van die romp:** indien jy op jou knieë staan, mag die afstand vanaf die vloer na die rand van die soom nie 12 cm oorskrei nie.
- ‘n Skoolbaadjie kan as deel van somersdrag gedra word.
- Indien net die romp en bloes gedra word, of saam met ‘n baadjie gedra word, moet die bloes oor die romp hang.
- Indien ‘n trui onder die baadjie gedra word, moet die bloes ingesteek word.
- Dogters word toegelaat om ‘n swart sjoebroekie onder die skoolromp te dra, maar dit mag nie onder die romp uithang nie.
- Slegs die voorgeskrewe wit kouse is in die somer toelaatbaar.
- ‘n Sweetpak (baadjie of broek) mag nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die hoodie mag ook nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die Eerste span baadjie mag op ‘n Vrydag saam met skooldrag gedra word.
- ’n Swart langbroek saam met ’n kortmou wit hemp, das en “pullover” mag gedra word.

2. WINTERSDRAG:

- ‘n Skoolbaadjie vorm deel van die winterdrag vir die tydperk soos hierbo aangetoon.
- Langbroeke: ‘n Netjiese swart langbroek sonder klinknaels, sonder ‘n wye “bell bottom”, sonder “stove pipes”, sonder ‘n spleet of ritssluiters wat vanaf die soom opwaarts strek, sonder aan gestikte sakke op die boude, sonder ritssluiters vir die sakke, is toelaatbaar. Die broek se soom moet bokant die hak van die skoen wees, met ander woorde die broek mag nie aan die grond raak, of uitgetrap wees nie. Geen “turn-up” soom is toelaatbaar nie. Die broek moet met ‘n rits toemaak en nie met ‘n ry knope nie.
- Gordels: Slegs ‘n swart gordel met ‘n eenvoudige gespe is toelaatbaar.
- Hemde en dasse: Die swart langbroek word gekombineer met ‘n wit hemp en ‘n skooldas, met ‘n skoolbaadjie. ‘n Moulose en/of langmoutrui mag onder die baadjie gedra word.
- Die sweetpak (baadjie of broek) vorm nie deel van wintersdrag nie.
- ‘n Sweetpak (baadjie of broek) mag nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die hoodie mag ook nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die Eerste span baadjie mag slegs op ‘n Vrydag gedra word.
- Swart musse word toegelaat, maar moet afgehaal word in klasse.
- Kouse moet swart wees.
- ‘n Eenvoudige swart serp is toelaatbaar.

3. SKOENE:

- Swart skoene, met gespes of veters. Stewels is onaanvaarbaar. Geen “pumps” is toelaatbaar nie.

4. TRUIE:

- Die trui moet netjies pas, met ander woorde dit moet nie te groot wees en sakkerig wees met moue wat oor die hande hang nie.
- Indien ‘n leerling ‘n moulose én ‘n lang-mou trui dra, moet die langmoutrui bo-oor die moulose trui aangetrek word.

5. HARE:

- Lang hare moet netjies en styf vasgemaak wees in een/twee poniesterte. Los punte moet netjies vas gesteek word.
- Kort hare mag nie voor aan die wenkbroue raak nie, en agter nie oor die baadjie- of hemps-/bloeskraag hang nie. Selfs terwyl hare langer gegroei word, moet daar by hierdie reëls gehou word.
- Onnatuurlik gekleurde hare, gebleikte hare en pikswart gekleurde hare is ontoelaatbaar.
- Geen uitspattige, bont haar bykomstighede is toelaatbaar nie.
- Slegs eenvoudige wit, swart, bruin, goudkleurige en silwer haarbykomstighede is toelaatbaar.
- Kopbande: ‘n Eenvoudige wit of swart kopband wat nie breër as 5cm is nie is toelaatbaar.
- Geen UNDERCUTS (hare mag nie skoon geskeer wees nie)
- Daar mag nie lang slierte langs jou kop afhang nie.

6. GRIMERING EN NAELS:

- Geen grimering soos maskara, oogomlyners, oogskadu of “blosser” word toegelaat nie.
- Naels moet skoon en kort wees.
- Kleurlose naellak asook ‘n kort “French manicure” of “faded French” is toelaatbaar.
- Geen “nail art” word toegelaat nie.
- Geen vals naels of vals oogwimpers word toegelaat nie.

7. JUWELE:

- ‘n Eenvoudige goud- of silwerkleurige ronde oorring met ‘n deursnit van ± 1cm of ‘n klein goue of silwerkleurige knoppie in ‘n gaatjie in die onderpunt van elke oor is aanvaarbaar. Die oorringe of knoppies in die twee ore moet identies wees.
- Een seëlring is toelaatbaar.
- ‘n Horlosie met ‘n eenvoudige bandjie is toelaatbaar.
- Geen tong-, neus-, oog- of tandjuwele word toegelaat nie.
- Geen kristalagtige, diamantagtige of pêrel oorbelle word toegelaat nie.
- Tatoeëermerke moet verbloem wees.
- Geloofsverwante bykomstighede mag slegs op versoek en met die goedkeuring van die beheerliggaam gedra word.

B. SKOOLDRAG VIR SEUNS:

Alle items wat deel vorm van SHS-skooldrag is tans uitsluitlik by Osman Raydan beskikbaar.
NETHEID en EENVORMIGHEID is ons doel met skooldrag, daarom die volgende reëls:

1. SOMERSDRAG:

- ‘n Kortmouhemp met of sonder ‘n das gekombineer met die voorgeskrewe moulose of langmoutrui.
- Die skoolbaadjie kan as deel van somerdrag gedra word, mits dit saam met ‘n das gedra word.
- ‘n Langmouhemp met ‘n das, gekombineer met die voorgeskrewe moulose of langmoutrui en ‘n skool baadjie is toelaatbaar. Indien ‘n langmouhemp se moue opgerol word, moet dit tot BO die elmboog wees.
- ‘n Sweetpak (baadjie of broek) mag nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- ‘n Sweetpak (baadjie of broek) mag nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die hoodie mag ook nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die Eerste span baadjie mag op ‘n Vrydag saam met skooldrag gedra word.
- ‘n Grys kort- of langbroek word as somersdrag gedra. Die soom van ‘n langbroek moet hoër wees as die hak van die skoene, met ander woorde die broek mag nie aan die grond raak nie.
- ‘n Eenvoudige gespe sonder handelsmerk name en grafeerkuns is toelaatbaar saam met ‘n swart gordel.

2. WINTERSDRAG:

- ‘n Skoolbaadjie vorm deel van die wintersdrag vir die tydperk soos hierbo aangetoon.
- ‘n Langmou- of kortmouhemp met ‘n das, gekombineer met ‘n skoolbaadjie.
- ‘n Moulose en/of langmoutrui mag onder die baadjie gedra word.
- Sweetpak (baadjie of broek) is nie toelaatbaar as deel van skooldrag nie.
- ‘n Sweetpak (baadjie of broek) mag nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die hoodie mag ook nie saam met die skooldrag gedra word nie.
- Die Eerste span baadjie mag ook nie saam met skooldrag gedra word nie.
- ‘n Grys langbroek word met ‘n swart gordel gedra. Die langbroek mag nie aan die grond raak nie.
- Geen wit sokkies en rugbykouse word toegelaat nie.
- ‘n Eenvoudige swart serp is toelaatbaar.

3. SKOENE:

- Swart skoene wat met veters of gespe vasgemaak en met politoer skoongemaak word is toelaatbaar. Modieuse, blink en skerppunt “Slip on” skoene is dus ontoelaatbaar!
- Netjiese,swart “slip-on” skoene is toelaatbaar.
- Stewels en skoene met uitspattige gespes word nie toegelaat nie.
- Skoenveters moet met ‘n strikkie vasgemaak wees.

4. KOUSE:

- Voorgeskrewe grys kouse by somers- en wintersdrag.

5. TRUIE:

- Die trui moet netjies pas, met ander woorde dit moet nie te groot wees en sakkerig wees met moue wat oor die hande hang nie. Indien ‘n leerling ‘n moulose én ‘n lang-moutrui dra, moet die langmoutrui bo- oor die moulose trui gedra word.

6. GORDELS:

- Slegs swart gordels met ‘n eenvoudige gespe (dieselfde wydte as die gordel) is toelaatbaar!

7. JUWELE:

- Geen ringe, armbande en hangertjies is toelaatbaar nie.
- Geloofsverwante bykomstigehede mag op versoek en met die goedkeuring van die beheerliggaam gedra word.
- Geen tong-, neus-, oog- of tandjuwele word toegelaat nie.

8. HARE:

- Hare moet netjies en skoon wees.
- Hare mag nie oor die bokant van die ore hang nie.
- Hare mag nie oor die wenkbroue hang nie.
- Geen uitspattige of uitermatige modieuse haarstyle is aanvaarbaar nie.
- Geen volledig of gedeeltelik gekleurde of gebleikte hare word toegelaat nie.
- In die nek mag die hare nie oor die baadjie- of hempskraag hang nie.
- Wangbaarde moet in lyn met die gehoorgang gesny wees.
- Die res van die gesig moet daagliks skoongeskeer wees.

C. SPORTDRAG

#Alle items wat deel vorm van SHS-sportdrag is tans by Osman Raydon of by die skoolkantoor beskikbaar.

#Alhoewel die sportdrag van verskillende sportsoorte verskil, moet ‘n leerling die korrekte en volle sport drag aan hê wanneer hy/sy die skool verteenwoordig.

1. SWEETPAKKE:

- Baadjies: Slegs die goedgekeurde sweetpakbaadjie is toelaatbaar.
- Broeke: ‘n swart sweetpakbroek sonder handelsmerkname of handelsmerk-logo’s is toelaatbaar.

2. SPORTDRAG:

- ‘n Leerling wat in die week, met ander woorde Maandag tot Vrydag, aan sport deelneem, sal in oorleg met sy/haar afrigter, toegelaat word om op die betrokke dag sportdrag skool toe te dra, in plaas van gewone skooldrag. Eenvormigheid en netheid van spanlede is egter ‘n prioriteit en dit is die afrigters en spankapteine se taak om dit te verseker.
- Tydens atletiekbyeenkomste mag atlete en toeskouers bakgatbroeke en tarentaalhemde skool toe asook na ‘n byeenkoms dra, indien vooraf toestemming gegee is.
- Atlete moet egter in die voorgeskrewe atletiekdrag, nie in bakgatklere, deelneem aan die item(s) waar voor hulle ingeskryf is.
- Sportbyeenkomste word in die voorgeskrewe skooldrag/sportdrag bygewoon.
- Die dra van geborgde klere, wat nie deur die beheerliggaam goedgekeur is nie, op sportdae is ontoelaatbaar omdat ons streef na eenvormigheid.
- Geborgde sportdrag met die naam of logo van die borg(e) daarop is ‘n vergunning vir eerste spanne alleen. Hierdie drag mag op Vrydae gedra word.
- SWART “second skins” is toelaatbaar saam met wintersportdrag.
- Die skoolreëls ten opsigte van grimering en juwele is ook op sportdae van toepassing.
- Skoolreëls oor hare geld vir sportdrag ook.
- Swart ski-pants sonder strepe, kan gedra word tydens sport.

3. MATRIEKDRAG:

- Mag op ‘n Vrydag gedra word.
- Slegs saam met skoolsweetpakbroek of bakgatbroek.
- Dit mag ook gedra word saam met die SHS “Hoodie”, sweetpakbaadjie en 1ste span baadjie

4. STREEK/PROVINSIALE/NASIONALE KLEURE:

- Op Vrydae word leerders wat genoemde kleure in skolesport verwerf het, toegelaat om hierdie uitrustings skool toe aan te trek. Netheid is egter ‘n belangrike prioriteit.
- ‘n Sweetpakbroek met ‘n netjiese gholfhempie is toelaatbaar, maar geen T-hemde nie!!
- As die betrokke leerder op ‘n Vrydag die skool verteenwoordig, moet hy/sy die byeenkoms bywoon in sy/ haar skoolsportdrag en nie in provinsiale kleure nie.
- Nie-skoolverwante sportsoorte se provinsiale kleure wat as hoërskoolleerling verwerf is mag ook gedra word.

5. HOËRSKOOL STANDERTON SE SPORTDRAG ITEMS IS TE KOOP BY:

OSMAN RAYDAN	**FINANSIEKANTOOR**	
Tarentaal hemp	Atletiekfrokkie	SHS-pette
Bakgat broeke	Rugby-, hokkie- en netbal kouse/sokkies	Buffs
Sweetpakke	Ondersteuner kussings	Skool dasse
Krieket-, gholf- en tennis hempies	Skooltasse	
Krieket-, gholf- en tennis truie		
Netbal- en hokkierompies en hempies		
Ondersteunersbaadjies vir volwassenes		

D. TOETSE EN EKSAMENS:

- SKRYFBEHOEFTES:
  - Leerlinge is self daarvoor verantwoordelik om alle skryfbehoeftes wat in ‘n toets of eksamen benodig kan word beskikbaar te hê. Dit sluit onder ander ook passers, gradeboë, sakrekenaars ensovoorts in.
- AFWESIGHEDE TYDENS TOETSE EN EKSAMENS:
  - Kwartaaltoetse word gewoonlik op Dinsdae en Donderdae vanaf ± 08:00 tot 09:00 geskryf. Alternatiewe toetse sal volgens die kwartaalprogram geskeduleer word.
  - ‘n Leerling wat ‘n geskeduleerde toets of eksamen misloop, word afwesig gemerk op voorwaarde dat ‘n mediese sertifikaat ingehandig word. Indien ‘n mediese sertifikaat nie ingehandig word nie, verbeur ‘n leerling die punte en word ‘n nulpunt toegeken.
  - ‘n Leerling wat ‘n geskeduleerde toets of eksamen misloop, mag nie in aanmerking kom vir die top 30 in ‘n graad nie.
  - As gevolg van verskil in standaarde van toetse, word leerders nie toegelaat om voor of na ‘n geskeduleerde toets ‘n plaasvervanger-toets te skryf nie.
  - Leerlinge wat afwesig is vir ‘n toets of vir ‘n eksamen, word ook vir skoolbesoek afwesig

gemerk.

- MEDIESE SERTIFIKATE:
  - Geskeduleerde toetse: ‘n Mediese sertifikaat moet aan jou register- en/of vakonderwyser getoon en dan by die administratiewe kantoor ingehandig word vir rekordering.
  - Eksamens: ‘n Mediese sertifikaat moet aan die graadvoog getoon en dan by die administratiewe kantoor ingehandig word.
- SELFONE:
  - Geen selfone of slim horlosies word in ‘n toets- of eksamenlokaal toegelaat nie.
  - Die gebruik van ‘n selfoon as ‘n sakrekenaar word nie tydens eksamens van die Nasionale- en Mpumalanga Onderwysdepartemente toegelaat nie en daarom word dit ook nie by Hoërskool Standerton tydens toetse en eksamens toegelaat nie.
- SAKREKENAARS:
  - Slegs nie-programmeerbare sakrekenaars wat departementeel vir eksterne eksamens goedgekeur is, is toelaatbaar.
  - Leerlinge is self daarvoor verantwoordelik om ‘n geskikte sakrekenaar beskikbaar te hê tydens toetse en eksamens.
  - Sakrekenaar deksels / kassies word nie in ’n eksamen lokaal toegelaat nie.
- PROJEKTE:
  - Onder GEEN OMSTANDIGHEDE mag ‘n projek:
    - deur ‘n ander leerling by die onderwyser wat die opdrag gegee het ingehandig word nie!
    - by ‘n ander onderwyser as die onderwyser wat die opdrag gegee het, ingehandig word nie.
    - NB! Indien daar enige rede ontstaan waarom ‘n leerling nie ‘n projek by die onderwyser wat die opdrag gegee het kan inhandig nie, moet die projek deur die leerling self, of deur ‘n ouer/voog, by een van die adjunkhoofde ingehandig word.
  - ‘n Projek wat laat ingegee word sal nagesien maar as volg gepenaliseer word:
    - 1 skooldag laat: die leerling verloor 50% van die toegekende punt.
    - 2 skooldae laat: die leerling verloor 75% van die toegekende punt.
    - 3 skooldae laat: die leerling verloor 100% van die toegekende punt.
    - Indien ‘n leerling versuim om ‘n projek in te handig kan die gevolg wees dat die leerling nie aan die bevorderings vereistes voldoen nie wat tot gevolg kan hê dat die leerling die hele jaar druip.
  - Ongerymdhede ten opsigte van die inhoud van projekte:
    - Wanneer twee of meer leerlinge beplan om saam te werk aan ‘n projek, moet hulle dit vooraf met die betrokke onderwyser bespreek en goedkeuring kry.
    - Wanneer twee of meer leerlinge dieselfde projek inhandig, geld die volgende:
      - Indien die onderwyser nie kan vasstel wie die projek gedoen het nie word die toegekende punt gelykop tussen die saamwerkende leerlinge verdeel.
      - Indien die onderwyser wel kan vasstel wie die projek gedoen het, kry laasgenoemde die toegekende punt en vir die res word ‘n nulpunt toegeken.

E. SKOOLBESOEK:

Getroue skoolbesoek is essensieël vir akademiese vordering, daarom geld die volgende reëlings:

- Daar word aan die begin van elke skooldag tydens aantrede of in voogklasse register geneem.
- Leerlinge wat deur die loop van ‘n skooldag siek word, moet deur die kantoor reëlings met ‘n ouer/voog tref om hom/haar te kom haal.
- Indien ‘n leerling afwesig was, moet hy/sy op die eerste dag wat hy/sy weer skool bywoon ‘n brief van die ouer/voog/geneesheer by die VOOGONDERWYSER inhandig.
- AFSPRAKE: Probeer asseblief om afsprake by dokters, tandartse, fisioterapeute, ens. vir namiddae te reël.
- 100% SKOOLBESOEKTOEKENNINGS: Hierdie toekennings word alleenlik gedoen indien ‘n leerling werklik 100% teenwoordig was. Indien ‘n leerling uitgeteken word, moet hy/sy ten minste 4 uur teenwoordig gewees het om vir die 100% skoolbesoek-toekenning te kwalifiseer.
- Toestemming om verskoon te word van skoolbywoning, word toegestaan mits ‘n ouer/voog van ‘n leerling skriftelik (verkieslik) of telefonies met die hoof of ‘n adjunkhoof gereël het. Om logiese redes is reëlings wat VOORAF getref is vir almal meer effektief.
- UITTEKEN VAN LEERLINGE:
  - In ALLE gevalle waar ‘n leerling die skoolterrein tydens skoolure verlaat, MOET die ouer/voog van ‘n leerling hom/haar self kom haal en uitteken. Hierdie reëling geld uitsluitlik ter wille van die veiligheid van ons leerlinge.
  - Indien dit vir ‘n ouer/voog absoluut onmoontlik is om self sy/haar kind uit te teken, moet skriftelike

reëlings getref word. Dit sal die skool en die beheerliggaam vrywaar ingeval van oneerlikheid ten opsigte van toestemming om uitgeteken te word.
- Gr.12-leerders moet by die skoolhoof toestemming kry om die skool te verlaat en Gr.8 tot 11 leerders by een van die adjunkhoofde.
- Die uitteken-nota wat in die kantoor uitgereik word moet by die sekuriteitswag by die hoofhek ingehandig word, voor die leerder onder toesig die skoolterrein kan verlaat.

F. ALGEMEEN:

1 SKOOLURE:

- Skoolure is as volg:
  - MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:45 tot 13:55
  - VRYDAE: 07:45 tot 13:30
- Ouers sal ingelig word indien aanpassings as gevolg van omstandighede gemaak word.
- Daar lui daagliks om 7:40 ‘n klok wat aandui dat leerlinge moet aantree vir opening.
- Leerlinge tree elke dag in alfabetiese volgorde in hul voogklasrye aan vir voogperiode.

2. SKOOLTASSE:

- Tasse mag nie met vulgêre/rassistiese slagspreuke, embleme, ensovoorts bekrap wees nie. Die eienaar se naam en/of voorletter is nie net aanvaarbaar nie, maar dit word sterk aanbeveel.
- Geen waardevolle artikels en geld moet in tasse gelaat word nie!
- Plasing van tasse voor skool en tydens pouses:
  - Voor skool moet die tasse by die voog onderwyser se klas geplaas word.
  - Tydens pouses word tasse geplaas by die klas waar die leerling direk na pouse sal wees.

  NB. Geen tasse mag in portale geplaas word nie. Dit beperk die beweging van leerlinge en dit is ‘n gewilde steelarea. DIE SKOOL NEEM GEEN VERANTWOORDELIKHEID VIR WAARDEVOLLE ITEMS WAT UIT TASSE GESTEEL WORD NIE.

3. MERIETE STELSEL:

Standerton Hoërskool maak gebruik van n meriete stelsel. Positiewe meriete punte word verdien deur prestasie en goeie gedrag. Negatiewe meriete punte word verdien deur negatiewe gedrag en oortredings. Positiewe meriete punte het die volgende voorregte:

- 60 meriete punte regverdig stemreg met leerlingraad verkiesing. (Jan – Jul)
- 100 meriete punte regverdig toelating tot Lentebal. (Jan-Sept)
- 60 meriete punte regverdig toelating tot Valenteinsbal (Jul – Feb)
- -40 meriete punte regverdig detensie 2 ure
- -60 meriete punte regverdig ‘n oueronderhoud met die skoolbestuur.

4. HANDBOEKE:

- Die meeste handboeke wat aan leerlinge beskikbaar gestel word, word deur die onderwysdepartement voorsien en is veronderstel om vir vyf (5) jaar lank gebruik te word. Die skool verwag dus van leerlinge om hul handboeke met sterk plastiek oor te trek en dit so goed as wat moontlik is op te pas.
- Leerlinge se name moet in die toegelate ruimte voor in die handboek ingevul word.
- Indien ‘n leerling sy/haar handboek(e) verloor is hy/sy daarvoor verantwoordelik om die verlies by die dames in die administratiewe kantoor aan te meld sodat reëlings getref kan word om die boek te vervang. Die finansiële aspek hiervan is die leerling se verantwoordelikheid.
- Noodsaaklike handboeke en addisionele handboeke wat veral in grade 10 tot 12 gebruik word, moet deur leerlinge self aangekoop of by die skool gehuur word.

5. SKRIFTE:

- Die meerderheid skrifte wat ‘n leerling benodig word vir klas- en huiswerk word deur die onderwysdepartement voorsien. Die skool verwag dus van leerlinge om hul skrifte oor te trek volgens die vereistes van elke vakonderwyser en om die skrifte so goed as moontlik op te pas.
- ‘n Leerling se naam, van en die vak waarvoor die skrif gebruik word, moet duidelik op die buiteblad aangedui wees.
- Tippex en permanente merkpenne is nie by die skool toelaatbaar nie!

6. TOEGELATE KUIERAREAS:

- Die volgende dele van die skoolterrein is toegelate kuierareas tydens skooltyd, met ander woorde

voor skool en tydens pouses:

- Die vierkant.
- Die aantreeblad.
- Die krieketafdak.
- Die B- en C-rugbyvelde tot by die middellyn.
- Die kafeteria.
- Die area tussen die kafeteria en K28A en 28B.
- Geen leerling mag by die netbalhuisie wees nie.

7. KLEEDKAMERS:

- JUNIOR KLEEDKAMERS: Uitsluitlik vir gebruik deur leerders in grade 8 en 9.
- SENIOR KLEEDKAMERS: Uitsluitlik vir gebruik deur leeders in grade 10 tot 12.

8. SELFONE, IPODS, PSP'S, OORFONE, BOOMBOX EN MP3 SPELERS:

8.1 SELFONE:

- Leerlinge het toestemming om selfone op eie risiko skool toe te bring. Daar vind op 'n deurlopende basis diefstal plaas en dit is nie vir ons moontlik om die skoolgebou en/of elke leerling hiervoor te deursoek nie.
- Selfone mag onder geen omstandighede tydens 'n voog-, toets- of lesperiode, asook tussen periodes, gebruik of hanteer word nie. Dit moet afgeskakel en in die leerling se tas wees. Selfone moet verkieslik net vir kommunikasie met ouers gebruik word.
- Strafmaatreëls vir die hantering van 'n selfoon tydens voog-, toets- of lesperiodes:
  - Oortredings word op grond van die dissiplinere stelsel hanteer.
- Selfone moenie tydens pouses in tasse gelos word nie.
- Oorfone wat aan selfone of aan enige ander elektroniese toerusting gekoppel is of kan word, is onder geen omstandighede in die tydperk van 07:40 tot 14:00 op skooldae by die skool toelaatbaar nie.

8.2 IPODS, PSP'S, OORFONE, BOOMBOX EN MP3 SPELERS:

- Hierdie elektroniese toerusting is onder geen omstandighede in die tydperk van 07:40 tot 14:00 op skooldae by die skool toelaatbaar nie.

9. BESTUUR VAN VOERTUIE OP DIE SKOOL- EN SPORTTERREIN:

9.1 ALGEMEEN:

- Enige leerling wat met 'n motorfiets of motor skool toe kom, moet sy/haar lisensie by die algemene kantoor toon. 'n Plakker wat die skool sal verskaf moet dan op die voertuig aangebring word.
- GEEN privaatvoertuig sal toegelaat word as hierdie plakker nie op die voertuig is nie.
- Enige leerder wat roekeloos, gevaarlik of onwettig op die skoolterrein ry, sal onmiddellik verbied word om vêrder van hierdie voorreg gebruik te maak.

9.2 MOTORFIETSE:

- 'n Leerlinge of privaat persoon sonder 'n wettige leerling- of bestuurderslisensie vir 'n motorfiets word nie toegelaat om te enige tyd 'n motorfiets op die skool- of sportterrein van Hoërskool Standerton te bestuur nie.
- Die normale padreëls ten opsigte van motorfietse, byvoorbeeld die dra van valhelms, die vervoer van passasiers, ensovoorts, geld ook op die skool- en sportterrein van Hoërskool Standerton.
- Motorfietse moet tydens les-ure in die spesiaal afgekampte area aan die oostekant van die skoolsaal gelaat word.
- Leerlinge wat aan die bogenoemde vereistes voldoen, het toestemming om wel voor en na skool hul motorfietse op die skoolterrein te bestuur.

9.3 MOTORVOERTUIE:

- 'n Leerling of privaat persoon sonder 'n wettige leerlinglisensie vir 'n motorvoertuig, word nie toegelaat om te enige tyd 'n motor op die skool- of sportterrein van Hoërskool Standerton te bestuur in die afwesigheid van 'n persoon met 'n wettige bestuurderslisensie nie.
- 'n Leerling of privaat persoon sonder 'n wettige bestuurderslisensie vir 'n motorvoertuig, word nie toege laat om te enige tyd 'n motor op die skool- of sportterrein van Hoërskool Standerton te bestuur nie.
- Die normale padreëls ten opsigte van motorvoertuie geld ook op die skool- en sportterrein van Hoërskool Standerton.
- Motorvoertuie van leerlinge moet tydens les-ure in die aangewese parkeerarea wees. Tussen die bome by die krieketnette.

- Nie-matriekleerlinge moet skriftelik aansoek doen om hul motorvoetuie tydens les-ure op die parkeerarea te parkeer.
- Geen leerling word op die parkeerarea toegelaat tydens lestyd, gedurende pouses of tydens afperiodes nie.
- Leerlinge wat aan die bogenoemde vereistes voldoen, het toestemming om wel voor en na skool hul motorvoertuie op die skoolterrein te bestuur.

9.4 VEILIGHEID VAN LEERLINGE, PERSONEEL, WERKERS EN BESOEKERS:

- Daar is tans nagenoeg ±750 leerlinge, ±45 personeellede en 10+ werkers op die terrein van Hoërskool Standerton. Daar is ook dikwels jong kinders op ons terrein. Dit is dus logies dat die spoedperk van 60 km/uur wat buite die skoolterrein van toepassing is, nie die veiligheid van hierdie groot getal mense kan verseker nie. Die spoedbeperking op SHS terrein is 15 km/uur. Motorbestuurders sal dus bepaal hoe lank hulle toegelaat sal word om hul motors op die terrein te bestuur.

9.5 AANSPREEKLIKHEID TEN OPSIGTE VAN SKADE OF VERLIES AAN MOTORFIETSE EN MOTORS:

- Die skool en die beheerliggaam aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade aan of diefstal van/uit enige voertuig op die skoolterrein nie.

10. BUSSE:

10.1 BUSGELDE VIR ENIGE SKOOLVERWANTE UITSTAPPIES BUITE STANDERTON:

- R25 per leerder indien die bestemming binne 100km van Standerton is.
- R50 per leerder na bestemmings verder as 100km.
- Busgelde kan enige tyd gedurende die jaar deur die beheerliggaam van die skool aangepas word, indien nodig.

10.2 ALGEMEEN:

- Die gebruik van Hoërskool Standerton se busvervoer is nie ‘n reg nie, maar ‘n VOORREG! Leerlinge wat dus die bestuurder van die bus, medepassasiers en ander padgebruikers op enige wyse verontrief sal hierdie voorreg verbeur.

10.3 SKOOLROETES:

- Busse ry nie meer skoolroetes nie.

11. SIGARETTE, ALKOHOLIESE DRANK & DWELM- OF GEWOONTEVORMENDE MIDDELS:

NB! Die mikpunt van hierdie reëls is om leerlinge van Hoërskool Standerton te beskerm teen elemente wat nie in die beste belang van medeleerlinge optree nie!

11.1 SIGARETTE, E-SIGARETTE EN ALKOHOLIES DRANK:

- Die rook, drink of gebruik en die besit van sigarette, e-sigarette (elektroniese sigarette) en alkoholiese drank deur ‘n ingeskrewe leerling van die skool is ontoelaatbaar:
  - op die skool- en sportterrein van Hoërskool Standerton.
  - op die busse van Hoërskool Standerton.
  - tydens enige skoolverwante toer of uitstappie waar enige groepering van leerlinge van Hoërskool Standerton bymekaar is.
  - By Dagbreek Koshuis
- Die besit of gebruik van sigarette en alkoholiese drank op enige openbare plek terwyl ‘n leerling in skooldrag geklee is, is ontoelaatbaar.

11.2 DWELM- EN GEWOONTEVORMENDE MIDDELS:

- Die gebruik van dwelm- of gewoontevormende middels onder enige skoolverwante asook nie-skoolverwante omstandighede, is onaanvaarbaar vir die onderwysers, beheerliggaam asook die groot meerderheid van die leerlinge van Hoërskool Standerton.
- Volgens die Suid Afrikaanse Skolewet van 1996 het enige skool, ook Hoërskool Standerton, die reg om enige leerder wat deur sy/haar optrede en gedrag, of deur die getuienis van ‘n medeleerling of lede van die Suid Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die vermoede laat ontstaan dat hy/sy dwelmmiddels gebruik of gebruik het, aan ‘n bloed- of urienetoets te onderwerp.
- 1ste positiewe toets vir ‘n dwelm- of gewoontevormende middel:
  - Indien sodanige leerling positief toets vir enige dwelm- of gewoontevormende middel, sal hy/sy onmiddellik vir 5 dae uitgesit word uit Standerton Hoërskool en skriftelik opdrag kry om na ten minste 7 dae saam met sy ouer(s)/voog(de) voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam van die skool te verskyn.
  - Die skool se doel van hierdie dissiplinêre verhoor is om die ouer(s)/voog(de) van die leerling

wat positief getoets is in te lig, om inligting by die leerling te kry en om sodoende te bepaal watter tugstappe geneem moet word
  - Hoërskool Standerton het ook die reg om ses (6) weke nadat ‘n leerling vir die eerste keer positief getoets is, asook op enige latere tydstip, ‘n hertoets toe te pas.
  - Sou die dissiplinêre verhoor vind dat die leerder reeds afhanklik is van die dwelm- of gewoontevormende middel, mag hul daarop aandring dat rehabilitasie gedoen word.
- 2de positiewe toets vir ‘n dwelm- of gewoontevormende middel:
  - Indien sodanige leerling vir ‘n tweede keer positief toets, sal sy/haar ouer(s)/voog(de) deur die beheerliggaam van die skool versoek word om die seun/dogter, op hul eie koste, by ‘n rehabilitasieprogram in te skakel. Skriftelike bewys dat die leerling ‘n rehabilitasieprogram suksesvol deurloop het, sal na die voltooiing daarvan gelewer moet word.
  - Tot tyd en wyl die deurloop van ‘n rehabilitasieprogram skriftelik bevestig is, sal die betrokke leerling beperkte toegang tot die skool hê wat nie sy/haar reg tot onderwys negatief mag beïnvloed nie.
  - Die leerling sal ook in hierdie tydperk, totdat die rehabilitasie program volledig deurloop is, toegang tot enige sosiale geleentheid, wat deur Hoërskool Standerton aangebied of gereël word, geweier word.
- 3de positiewe toets vir ‘n dwelm- of gewoontevormende middel(s) asook die verskaffing of verkoop van ‘n dwelm- of gewoontevormende middel(s) aan mede-skolier/e:
  - Indien ‘n leerling vir ‘n derde keer positief getoets word vir die teenwoordigheid van ‘n dwelm- of gewoontevormende middel(s), of indien ‘n leerling deur die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam daaraan skuldig bevind word dat hy/sy ‘n dwelm- of gewoontevormende middel(s) aan ‘n medeleerling(e) voorsien of verkoop het, sal die beheerliggaam van die skool onmiddellik met stappe begin om by die Mpumalanga Onderwysdepartement aan te beveel dat die betrokke leerling permanent uit die skool gesit sal word.

12. GEDRAGSKODES TYDENS SPORTBYEENKOMSTE:

12.1 SPELERS:

- Ken die reëls en speel volgens die reëls.
- Moet nooit met ‘n skeidsregter of beampte stry oor ‘n beslissing nie. Vra die kaptein, die afrigter of spanbestuurder om op ‘n gepaste tydstip tydens of na die kompetisie of wedstryd met die skeidsregter of beampte te gesels.
- Probeer te alle tye om jou humeur te beheer. Kwetsende opmerkings teenoor ‘n opponent of die skeidsregter of beampte is onaanvaarbaar en sal nie toegelaat word nie.
- Fokus in spansport op die voordeel vir die span – jou eie voordeel sal ‘n logiese gevolg wees!
- Handhaaf deurentyd goeie sportmanskap. Erken goeie prestasie of spel van jou opponent en van jou spanmaats.
- Gee jou volkome samewerking aan jou afrigter, jou kaptein en jou spanmaats.
  - Onthou dat dissipline ten opsigte van oefeninge en van kompetisies of wedstryde geweldig belangrik is vir sukses en vir jou persoonlike ontwikkeling.
  - Onthou altyd dat deelname aan sport eerstens ten doel het om geniet te word.

12.2 OUERS & ONDERSTEUNERS:

- Onthou altyd dat u kind(ers) se deelname aan sport eerstens ten doel het om deur hulle geniet te word. Wen is dus nie die uitsluitlike motief nie!
- Kinders moet aangemoedig word om aan sport deel te neem!
- Fokus op u kind se toewyding en die kwaliteit van sy deelname eerder as op wen of verloor.
- Leer u kind om die beslissing van die beamptes en skeidsregters te aanvaar en stel die voorbeeld.
- Leer u kind om sy opponent, sy spanmaats en sy afrigter te respekteer.
- Moet nooit op u kind of ‘n spanmaat skreeu of hom verneder nie.
- Wees realisties ten opsigte van die vereistes en mikpunte wat u aan u kind stel.
- Erken goeie spel deur alle spelers en goeie beslissings deur skeidsregters en beamptes.
- Moet nooit tydens ‘n wedstryd of kompetisie met die beslissing van ‘n beampte of skeidsregter inmeng nie – dit help tog nie!
- Moet nooit die spankeuse van ‘n afrigter voor u kind bevraagteken nie.
- Toon waardering vir die opoffering van afrigters, skeidsregtres en beamptes, eerder as om hul optrede te bevraagteken.